

Skuld-sorge neem toe

Deur Kevin Lings, ekonoom en Melissa Dyer, Stanlib

In hierdie vroeë stadium van 2010 toon die wêreldwye ekonomie tentatiewe tekens van herstel. Die meeste lande het in die derde kwartaal van 2009 weer positiewe groei begin toon. Ontwikkelde ekonomieë herstel stadiger van die krisis, terwyl ontwikkelende ekonomieë sover meer opvallend herstel het. Staatskuld het egter tot kommerwekkende vlakke gestyg, veral in die groot ontwikkelde ekonomieë.

Die koste van die stimulus

Die sleutel-faktor wat bygedra het tot hierdie stabiliteit en tentatiewe herstel, veral in die ontwikkelde ekonomieë, was die massiewe en onvoorsiene monetêre en fiskale stimulus wat deur verskeie regerings en sentrale banke verskaf is. Hierdie verbeterde ekonomiese vooruitsig is egter teen geweldige koste teweeggebring wat nou uit 'n massiewe agteruitgang van staatsfinansies blyk – veral in die groot ontwikkelde ekonomieë.

'n Skerp styging in staatsbesteding gedurende die kredietkrisis, tesame met 'n beduidende daling in belasting-inkomste (vanweë 'n styging in werkloosheidsyfers en laer maatskappy-verdienste) het meegebring dat staatsbegrotingstekorte die hoogste vlakke in dekades bereik het.

Skulde groter as die ekonomie

Dit word veral verwag dat staatskuld binne die ontwikkelde ekonomieë in 2011 tot hoër as 100% van die BBP sal styg. Dit beteken dat 'n land se skuld gelykstaande is aan die algehele ekonomiese opbrengs oor 'n tydperk van een jaar. Begrotingstekorte (die agterstand tussen wat die regering bestee en wat aan belasting-inkomste geïen word) het in baie lande reeds 10% van die BBP verbygesteek.

Die internasionaal aanvaarde riglyne vir hierdie maatstawwe is staatskuld van 60% of minder van die BBP en 'n begrotingstekort van nie meer as 3% van die BBP nie. (Vergeleke daarmee het Suid-Afrika 'n begrotingstekort van 7.3% en sal staatskuld na verwagting tot 40% styg).

Die probleem met PIGS

In die afgelope weke het die suid-Europese lande Portugal, Italië, Griekeland en Spanje die aandag van die media en finansiële markte getrek met hul gebrek aan finansiële dissipline. Die begrotingstekort in Griekeland is byvoorbeeld op die oomblik heelwat meer as 10% van die BBP en staatskuld kan teen 2011 130% van die BBP oorskry. Die Verenigde Koninkryk is in ewe groot finansiële moeilikheid as die VSA.


Die VSA se skuld die grootste sedert WO2

Die VSA se begrotingstekort het in 2009 op 'n verstommende \$1.4 triljoen te staan gekom, wat gelykstaande is aan 9.9% van die BBP. Dit is die grootste tekort sedert die Tweede Wêreldoorlog. Die projeksie vir 2010 is dat die begrotingstekort gaan toeneem tot meer as 10% van die BBP. Die insinking in inkomste (sien die blou lyn in die grafiek hieronder), wat in die meeste ontwikkelde ekonomieë 'n prominente tema was, is hoofsaaklik vanweë 'n ineenstorting van belasting-inkomste – veral korporatiewe

en individuele inkomstebelasting. Daarteenoor het die VSA se staatsbesteding in 2009 op 'n totaal van \$3.5 triljoen of 24.7% van die BBP te staan gekom (sien oranje lyn in grafiek hieronder). Die verhouding van besteding tot BBP is die hoogste wat die VSA sedert ten minste 1970 beleef het. Daar was veral 'n groot styging in besteding op werkloosheidsversekering, sowel as ander verligtingsprogramme wat deel uitgemaak het van hul pogings om die ekonomie te stabiliseer en dit uiteindelik te herstel.

Verbruikersherstel is noodsaaklik

Die sleutel-risiko wat die wêreldwye ekonomie in die gesig staar, is hoe om ontslae te raak van buitensporige staatsbesteding, tesame met ongekende lae rentekoerse en verhoogde likiditeit, sonder om ekonomiese herstel te ontspoor. Uiteindelik sal verbruikersbesteding die plek van alle kunsmatige stimulasie moet inneem, hoewel onlangse inligting bevestig dat terwyl verbruikers in die regte rigting beweeg, hulle nog nie gereed is om daardie verantwoordelikheid te aanvaar nie. Ons sal voortgaan om alle aspekte van die verbruikersherstel vorentoe fyn dop te hou.



“Liberty Groep is 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inklusief, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nóg 'n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nóg 'n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.”